

Sing vooraf staande: Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:11, 12 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.
- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 19:6 (p. 83).

Wet

Psalm 19:6 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 78:1 (p. 390)

- 1 Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor, / met ope hart en toegeneë oor!
Met wyse spreuke wil ek u vermaan, / wat waarheid is van vroegste tye af aan;
verborge goud wat net op koest'ring wag, / met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

Skriflesing: Esegieël 3

Teks: Esegieël 3:19

Maar as jy die goddelose waarsku, en hy hom nie van sy goddeloosheid en van sy goddelose weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ongeregtheid sterwe; maar jy het jou siel gered. (Esegieël 3:19 AFR1953)

As jy hom waarsku en hy bekeer hom nie van sy goddeloosheid nie, van sy bese optrede nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar jy sal jou eie lewe behou. (83AV)

Ons is vir mekaar verantwoordelik! Die gelowige word aan 'n groot verantwoordelikheid verbind: hy moet oor die lewe van sy naaste waak, want God gaan die lewe van jou naaste van eis!

Ons behandel hierdie preek aan die hand van die volgende punte:

1. Esegiël en sy opdrag
2. Die inhoud van die opdrag
3. Waar pas ons in?

1. Esegiël en sy opdrag

Die Here gaan na Esegiël toe en Hy gee aan hom opdrag om vir die Jode wat daar in Babel in ballingskap is, te gaan preek.

- Esegiël self is maar swak, daarom spreek die Here hom ook aan as *mens*.
- Die 1933-vertaling praat van *mensekind*.
- Al twee die woorde teken Esegiël maar net as 'n swakke en gebrekkige mens – iemand soos ons.

Dit openbaar ook iets anders:

- As hierdie swakke en brose mens daar by hulle opdaag met sy prediking, dan moet hulle weet dat dit die Here is wat praat, want 'n mens kan nie uit sy swakheid sulke dinge sê nie.
- Hierdie swakke mens moet ook die hele tyd onthou dat hy aan sy Sender verantwoording verskuldig is.

Toe stel die Here hom as wagter aan. Daar is twee soorte wagters.

- Die een is iemand wat net gedurende die nag waghou oor iets wat aan hom toevertrou is, soos byvoorbeeld 'n trop skape van iemand.
- Esegiël is nie as dié soort wagter aangestel nie. Hy is aangestel as die soort wagter aan wie die veiligheid van 'n hele stad toevertrou is.

Die wagter het gewoonlik in 'n hoë toring op die stadsmuur gesit waarvandaan hy ver oor die gebied rondom die stad kon sien.

- Hy moet dag en nag waak en as hy enige vyand sien opdaag, moet hy alarm maak.
- Esegiël word aangestel om op hierdie manier oor die stad van die Here te waak.

Tog is daar iets in die beeld van die wagter wat kortkom, want **agter Esegiël staan die Here. Hy is die eintlike Bewaker van die stad.**

- Esegiël is wagter oor die huis van Israel, maar hy moet aan hulle die waarskuwings van die Here af gaan oordra.
- Die waarskuwings word almal deur die Here gegee. Esegiël moet dit net aan die volk deurgee. Dis al.
- Hy het nie 'n swaar of gevaarlike werk nie. Hy moet net gaan sê wat die Here sê.

Die gevaar is ook anders as wat dit gewoonlik met 'n stad en sy mense is.

- Die vyand val hulle van buite af aan – daarom moet die wagter die hele tyd oor die vlaktes kyk.
- Maar die gevaar wat die volk van die Here bedreig, kom nie van buite af nie. Dit kom van binne af – dis hulle eie sondes.

Daarom is daar die spanning in die teks self dat die Here Esegiël oor *die Israëliete* aanstel, maar hy moet *die goddeloses* gaan waarsku.

- Hy kyk nie van die stad af oor die vlaktes nie. Hy kyk van die muur af na binne toe – oor die stad.
- Vir ons gevoel kom Israel en goddeloses nie mooi by mekaar uit nie, maar dis tog presies waarom dit gaan.
- In die kerk van die Here is daar mense wat nie die pad loop soos dit hoort nie, hulle is goddeloos, en hulle moet gewaarsku word.

Die sonde veroorsaak dat die toorn van die Here hulle vernietig. Nou stuur die Here Esegïel om vir alle Israeliete te gaan sê dat die Here Hom vererg oor hulle sondes en dat hulle hulle daarvan moet bekeer.

2. Die inhoud van die opdrag

Dit gaan in hierdie roeping oor die profeet self, oor sy Sender en oor die mense aan wie hy die berig moet bring.

- Dit gaan oor homself omdat die Here hom gaan straf as hy sy werk nie behoorlik doen nie.
- Die Here verwag van Esegïel dat hy hierdie werk met groot sorg gaan uitvoer.
- Hy moet gaan praat – Hy mag nie stilbly uit skaamte of agterloosigheid of watter rede ook al nie.

Dit gaan ook in dié saak oor die profeet self omdat hy sy eie plig teenoor sy medegelowiges nie nakom as hy stilbly nie.

- Elke mens het die plig teenoor ander mense om hulle te versterk in hulle geloof, en om hulle in liefde te vermaan tot bekering wanneer hulle sonde doen.
- Daarom sê die Here dat hy die profeet se lewe in die hande van die sondaars gaan stel as hy nie met hulle gepraat het oor hulle sondes nie.

Dit gaan oor die Here – wat sy Sender is – omdat die profeet die Here se Woord kragteloos maak as hy sy werk nie doen nie.

- Hy word deur die Here geroep om God se openbaring aan die mense oor te dra.
- Die doel van die Here met hierdie openbaring is nie om die mense te straf nie, dis om hulle tot bekering te bring – al moet Esegïel die toorn van die Here gaan verkondig.

Verder gaan dit oor die volk Israel.

- Hulle moet weet van die oordeel van die Here wanneer hulle verkeerd doen.
- As die profeet dus swyg, dan bewerk hy die toorn van die Here oor hierdie mense, want in plaas van om tot bekering te kom, gaan hulle in hulle sondes volhard, en daarmee in die oordeel inloop.
- Die Here wil juis nie hê dat sy volk ongewaarsku in die oordeel moet inloop nie.

Die opdrag van die profeet gaan oor hierdie goddeloses wat daar in die volk van die Here is.

- Hulle is ook mense wat die hele lewe net om hulleself laat draai – en wat bitter ongelukkig is wanneer die hele lewe nie vir hulle voordelig is nie.
- Dis mense wat hulle eie lewenswette maak en dit bo-oor die Here s'n skryf.

Sulke mense moet gewaarsku word.

- Hulle moet eers hoor hoe die Here oor hulle doen en late voel, en dan moet hulle beweeg word om terug te keer na die Here toe.
- Die profeet se opdrag *om te waarsku* is dus in wese niks anders nie as *bekeringsprediking*.
- Dit maak nie saak wie die goddelose is en wat sy posisie in die lewe is nie.
 - Die Here vra niks meer as net waarsku nie!
 - As hy dan in sy sondes volhard gaan die Here hom straf.

As hy nie gewaarsku is nie, gaan die Here hom ook straf, maar dan gaan die Here die een wat moes gaan praat, verantwoordelik hou.

Maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood. (Esegiël 3:18 AFR1983)

Die ou vertaling lees:

Maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. (Esegiël 3:18 AFR1953)

Dit is dalk belangrik dat ons daarop moet let dat die Here ons nie daarvoor verantwoordelik gaan hou as ons iemand gaan vermaan, en die gewaarskude ons woorde in die wind slaan nie.

- Vers 19 stel dit baie duidelik dat so 'n persoon deur sy eie sonde sal sterwe, maar dat die een wat moes gaan waarsku, sy lewe sal behou.

Die Here noem in vers 20 die moontlikheid van 'n mens wat goed en reg lewe.

- Dan op 'n dag, verdwaal hy iewers in die sonde in.
- Die Here sê dat so 'n mens ook deur sy sondes sal sterf.
- Maar as hy nie gewaarsku is nie, gaan die Here die een wat hom moes gewaarsku het, straf. Die Here gaan van daardie persoon rekenskap eis vir die verdwaalde se dood!
- Nie omdat die een wat moes praat vir die ander een 'n middelaar is nie – net omdat hy nie sy plig om te vermaan nagekom het nie.

Die laaste moontlikheid wat die Here noem, is in vers 21.

- As daar nou 'n goeie mens is wat meteens begin sondig en jy gaan praat met hom,
 - gaan die Here hom in die lewe behou, en
 - jy gaan jou lewe ook behou,
- want dan het jy jou plig gedoen.

3. Waar pas ons in?

Wanneer ons al die dinge lees, dan dink ons baie keer dat die Here met Esegiël praat en dat al die dinge met ons niks te doene het nie.

- Maar dis nie waar dat hierdie gedeelte niks met ons te doene het nie.
- Hierdie opdrag van die Here is ook waar van elkeen van ons.

Ons is baie keer bang om met mense te praat wat dinge doen en sê wat verkeerd is.

- Ons is miskien bang dat ons die mense se vriendskap gaan verloor.
- Of ons is bang dat hulle vir ons gaan kwaad word.

Die groot probleem agter die saak is dat ons dink ons moet die mense oortuig.

- Ons dink ons moet aanhou totdat hulle hulle standpunt verander.
- Maar dis nie wat die Here vir Esegiël gesê het nie. Die Here het vir hom gesê hy moet net gaan waarsku wat die Here sê. Kyk na vers 27:

Maar wanneer Ek jou die opdrag gee en jou tong losmaak, moet jy vir hulle sê wat Ek die Here God sê. Laat dan luister wie wil en laat skouers optrek wie wil: hulle is 'n weerbarstige volk. (Esegiël 3:27 AFR1953)

Ons hoef nie te gaan baklei nie.

- Ons moet net getuig.
- Die Here sal self die res doen.

As ons werklik glo in die Here Jesus Christus, sal ons weet dat ons 'n saak het om voor te getuig.

- Alle mense is sondaars – en goddeloos.
- As dit nie so was nie, het die Here Jesus nie kom sterf tot versoening van mense nie.
- Hy het ons met God versoen, en dis 'n baie groot saak.
- En elkeen wat dit besef, sal onder alle omstandighede getuies van die Here wil wees.

Ons opdrag om teen die kwaad te getuig is maar 'n klein opdraggie as ons dit vergelyk met die verlossingsdaad self – dit wat ons Here Jesus Christus gedoen het.

- Die Here God het aan 'n kruis *gestarf*.
- Hy het daar aan die kruishout die Here se straf gedra oor al my sondes – dis nou die soort van sondes waarvoor Esegiël die Israeliete moes gaan waarsku.

Hy het ook uit die dood opgestaan en hemel toe gevaar om daar blyplek gereed te gaan maak, waar Hy ons in die hiernamaals gaan laat woon. Intussen ontvang Hy reeds elkeen van ons daar soos wat ons sterf.

Nou gee Hy die opdrag aan ons: Gaan praat met die mense wat sonde doen.

- Die wat daarin volhard en die wat altyd goed en reg gelewe het maar wat nou die spoor byster raak in sekere opsigte.
- Daar is van hulle wat ook daar in die blyplek wat nou voorberei word, gaan woon.

Die Here het vir ander mense wat saam met ons lewe, ook gestarf.

- Al weet ons nie wie hulle is nie, moet ons getuig van die verlossing in die Here Jesus.
- Ons moet ook getuig van God se toorn oor al die wat nie soos verlostes lewe nie sodat die uitverkorenes onder die mense rondom ons tot bekering kan kom.
- Ons bly mekaar se hoeders.

Die oortuigingswerk in mense se harte sal gebeur deur die werk van die Heilige Gees.

- Die ding om mense se harte te verander is nie ons saak nie.
- Die wat net hulle skouers wil optrek en dan omdraai en loop, moet dit doen.
- Die Here het 'n saak met hulle.

Daar moet net nie 'n dag kom wanneer die Here gaan sê dat Hy ons gaan straf omdat mense onbekeerlik in hulle sondes volhard het omdat ons nie gaan praat het soos wat Hy aan ons opgedra het nie.

- Ons moet net getuig en waarsku – so sê die Here.
- Ons moet dit met soveel liefde en oortuiging doen dat die wat verkeerd doen, begeer om tot bekering te kom en so hulle sondes laat vaar.

Die Here gaan sy raad onveranderlik voltrek – dis verseker. Maar Hy het reëls!

- As ons waarsku en mense volhard in sonde, straf die Here hulle alleen.
- As iemand in sonde voortlewe en ons het niks gesê nie, gaan die Here hom straf, maar die Here gaan van ons rekenskap eis van sy dood.

Let op dat die saak terugskom na onself toe ook.

- Ons wil nou gaan Nagmaal vier.
- Hoe kom ons hier by die Nagmaaltafel aan?
- Is ons mense wat luister wanneer daar met ons gepraat word oor ons sondes (goddeloosheid)?

Wees dan getroue getuies van die Here Jesus Christus, maar ook getroue bekeerlinge.

- Praat met ander mense wanneer ons moet, maar luister ook wanneer ons moet.
- As ons praat, doen ons dit sag en versigtig – ons laat net die saak van die Here hoor.
- En altyd deur luister ons fyn na die stem van die Here sodat ons ook weet wanneer die Here ons self tot bekering en die ewige lewe vermaan.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 51:6 (p. 261)

- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondebaars bly verkondig.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Februarie 2011